

Esegiël 40-48 – INLEIDING: God openbaar Hom in sy

teenwoordigheid in die tempel en herstel die land

Esegiël se profesie rakende 'n herstelde volk (hst. 37) wat na die land terugkeer (hst. 39), word nou in die volgende nege hoofstukke opgevolg met profesieë rakende die toekomstige herstel van God se teenwoordigheid in die land (hst. 40-48): “En kyk, die heerlijkheid van die God van Israel het van die oostekant af gekom; en die geruis daarvan was soos die geruis van baie waters, en die aarde het geglans van sy heerlijkheid” (’53) – “Daar sien ek toe die magtige verskyning van die God van Israel uit die ooste uit. Die magtige teenwoordigheid van die Here het deur die oospoort na die tempel toe beweeg” (’83 - Eseg. 43:2,4).

Dáár, sê Esegiël, sal die volk weer die vreugde van:

- **eenheid met God**, die HERE beleef,
- sowel as **eenheid as volk**, soos hy reeds uitgedruk het met die simboliese eenwording van die twee stukke hout, Juda en Josef (Eseg. 37).

Die jaar van hierdie profesieë word as 573 v.C. aangegee, twintig jaar ná Esegiël met sy bediening begin het. Die tiende dag van hierdie nuwejaar kan óf Dinsdag 28 April (op grond van die berekening van die Israeliese Nuwejaar vóór die ballingskap) óf Donderdag 22 Oktober (op grond van die berekening van die Israeliese Nuwejaar ná die ballingskap) daardie jaar wees (40:1).

Esegiël beskryf hierdie profesie in twee dele:

1. Die **nuwe tempel** – uitvoerig beskrywe in **40-44** – sal nou die sentrum van die volk wees, nadat hulle lewend gemaak is deur die Gees. Die boodskap word ook in twee dele geskryf:
 - 1.1 die **herstel van die tempel** (hst. 40-42) en
 - 1.2 die **herstel van God se teenwoordigheid** in die tempel (hst. 43-44).
2. Hulle sal op die koop toe ook die vreugde van die **herstel van die land en stad** belewe – **45-48**. Die boodskap word ook in twee dele geskryf:
 - 2.1 God herstel die land, regeerders, offers, feeste, en grondbesit (hst. 45-46),
 - 2.2 God gee lewe vanuit die heiligdom vir die hele land (hst. 47-48).

Die teenwoordigheid van die HERE vanuit die tempel sal daarom die bron van lewe wees, voorgestel as 'n **lewende stroom water** wat genesing bring: “En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan – uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees” (’53) – “Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring” (’83

– Eseg.47:12). Johannes sluit in sy eindtyd visioene by hierdie beeld aan (Openb. 22 – vgl. ook Psalm 1 en Jer.17:7,8).

Dit verklaar ook waarskynlik hoekom Haggai en Sagaria só sterk opgetree het, toe die volk, ná hulle terugkeer na die land in 538 v.C., ná 20 jaar nog nie aan die gang gekom het met die herbou van die tempel nie. Hulle sterk standpunte het dele van Esegïël se profesie in werking gestel toe die volk in 'n vier jaar tydperk van 520 – 516 v.C. die fundamente van die tempel gelê en weer herbou het.

Dit lyk egter ook asof hulle nie Esegïël se planne gevolg het nie, eerder dié van die vorige verwoeste tempel van Salomo, hoewel daar natuurlik ook ooreenkomste tussen elemente van dié twee tempelplanne is (vgl. 1 Kon. 6-8 met Eseg. 40-42). Dit beteken waarskynlik dat daar – soos met die profesieë van die Gog van Magog – simboliese en selfs profetiese betekenis in Esegïël se beskrywings van die tempel is. Dieselfde geld die beskrywing van die verdeling van die land in hst. 45-46.

Hoe dit ook al sy, Esra, Nehemia en Maleagi sou nog verder werk aan die vestiging van God se teenwoordigheid onder die volk, wat saamhang met Esegïël se profesie dat God self die sentrum van die volk se lewe sal word.

- Esra het die volk in 458 v.C. gehelp om weer geveg te raak aan die wet van die HERE.
- Maleagi het in 432 v.C. gefokus op die herstel van hulle geestelike verhouding met God, geëggo in hoe hulle die tempeldiens met offers ondersteun, asook in hulle absolute getrouheid in die huwelik.
- En Nehemia het in dieselfde tyd gefokus op die herstel van die mure van Jerusalem, asook op die volk se getrouheid aan sosiale geregtigheid, onder andere in die wyse waarop armes hanteer is.